

Date Printed: 01/06/2009

JTS Box Number: IFES_17
Tab Number: 39
Document Title: ELECTORAL BILL AS INTRODUCED IN THE
NATIONAL ASSEMBLY - BILL TO REGULATE
Document Date: 1998
Document Country: SAF
Document Language: ENG-AFR
IFES ID: EL00474



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

ELECTORAL BILL

(As introduced in the National Assembly)

(MINISTER OF HOME AFFAIRS)

[B 69—98]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

KIESWETSONTWERP

(Soos ingedien in die Nasionale Vergadering)

(MINISTER VAN BINNELANDSE SAKE)

[W 69—98]

ISBN 0 621 28400 9

BILL

To regulate elections of the National Assembly, the provincial legislatures and municipal councils; and to provide for related matters.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa as follows:—

CONTENTS

CHAPTER 1

INTERPRETATION, APPLICATION AND ADMINISTRATION OF ACT 5

1. Definitions
2. Interpretation of this Act
3. Application of this Act
4. Administration of this Act

CHAPTER 2 10

REGISTRATION OF VOTERS, AND VOTERS' ROLL

5. National common voters' roll
6. Persons who may apply for registration as voter
7. Applications for registration as voter
8. Registration 15
9. Applications to change registration details
10. Applications for deregistration as voter
11. Entries in or amendments to voters' roll at instance of chief electoral officer
12. Notification by chief electoral officer
13. Appeal against decisions and steps of chief electoral officer 20

CHAPTER 3

PROCLAMATION OF AND PREPARATIONS FOR ELECTIONS

Part 1: Proclamation of elections

14. Proclamation of elections of National Assembly
15. Proclamation of elections of provincial legislatures 25
16. Proclamation of municipal elections
17. Election timetables
18. General postponement of elections
19. Postponement of voting at voting station
20. Revote at voting station 30

Part 2: Voters' roll

21. Cut-off date for registration as voter in election

WETSONTWERP

Om verkiesings van die Nasionale Vergadering, provinsiale wetgewers en munisipale rade te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INHOUD

HOOFSTUK 1

5 UITLEG, TOEPASSING EN UITVOERING VAN WET

1. Woordomskrywing
2. Uitleg van hierdie Wet
3. Toepassing van hierdie Wet
4. Uitvoering van hierdie Wet

10 HOOFSTUK 2

REGISTRASIE VAN KIESERS, EN KIESERSLYS

5. Nasionale gemeenskaplike kieserslys
6. Persone wat om registrasie as kieser aansoek mag doen
7. Aansoeke om registrasie as kieser
- 15 8. Registrasie
9. Aansoeke om verandering van registrasiebesonderhede
10. Aansoeke om skrapping van registrasie as kieser
11. Inskrywings in en wysigings van kieserslys deur hoofverkiesingsbeampte uit eie beweging
- 20 12. Kennisgewing deur hoofverkiesingsbeampte
13. Appèl teen beslissings en stappe van hoofverkiesingsbeampte

HOOFSTUK 3

AFKONDIGING VAN EN VOORBEREIDINGS VIR VERKIESINGS

Deel 1: Afkondiging van verkiesings

- 25 14. Afkondiging van verkiesings van Nasionale Vergadering
15. Afkondiging van verkiesings van provinsiale wetgewers
16. Afkondiging van munisipale verkiesings
17. Verkiesingstydroosters
18. Algemene uitstel van verkiesings
- 30 19. Uitstel van stemming by stemlokaal
20. Herstemming by stemlokaal

Deel 2: Kieserslys

21. Sperdatum vir registrasie as kieser in verkiesing

- 22. Inspection and copies of voters' roll
- 23. Objections to voters' roll
- 24. Certification of voters' roll

Part 3: Parties contesting election, and lists of candidates

- 25. Requirements for parties to contest election 5
- 26. Submission of lists of candidates
- 27. Non-compliance concerning submission of lists of candidates
- 28. Inspection of copies of lists of candidates and accompanying documents
- 29. Objections to lists of candidates
- 30. List of parties entitled to contest election and final lists of candidates 10

Part 4: Municipal councils

- 31. Further regulating of elections of municipal councils

Part 5: Special votes

- 32. Special votes

CHAPTER 4 15

ELECTIONS

Part 1: Voting

- 33. Officers at voting stations
- 34. Hours of voting
- 35. Initial procedures 20
- 36. Voting procedure
- 37. Assistance to certain voters
- 38. Issue of new ballot papers
- 39. Objections concerning voting
- 40. Sealing of full ballot boxes 25
- 41. Completion of form and sealing of voting materials
- 42. Mobile voting stations
- 43. More than one election on same day

Part 2: Counting of votes at voting station

- 44. Place and time of counting of votes 30
- 45. Counting of votes and determination of provisional results
- 46. Objections concerning sorting of ballot papers
- 47. Objections concerning counting of votes and determination of provisional results
- 48. Procedure concerning provisional results and voting materials 35

Part 3: Counting of votes at place other than voting station

- 49. Application of Part and procedures
- 50. Verification procedure
- 51. Objections concerning verification procedure
- 52. Application of certain sections in Part 2 40

Part 4: Objections material to final results of election

- 53. Objections material to final results of election
- 54. Powers of Commission and Electoral Court

Part 5: Determination and declaration of final result of election

- 55. Determination and declaration of final result of election 45

- 22. Insae in en afskrifte van kieserslys
- 23. Besware teen kieserslys
- 24. Sertifisering van kieserslys

Deel 3: Partye wat aan verkiesing deelneem, en kandidaatlyste

- 5 25. Vereistes vir partye om aan verkiesing deel te neem
- 26. Indiening van kandidaatlyste
- 27. Nie-voldoening aangaande indiening van kandidaatlyste
- 28. Insae in afskrifte van kandidaatlyste en bygaande dokumente
- 29. Besware teen kandidaatlyste
- 10 30. Lys van partye geregtig om aan verkiesing deel te neem en finale kandidaatlyste

Deel 4: Munisipale rade

- 31. Verdere reëling van verkiesings van munisipale rade

Deel 5: Spesiale stemme

- 15 32. Spesiale stemme

HOOFSTUK 4

VERKIESINGS

Deel 1: Stemming

- 33. Beamptes by stemlokale
- 20 34. Stemure
- 35. Aanvanklike prosedures
- 36. Stemprosedure
- 37. Hulpverlening aan sekere kiesers
- 38. Uitreiking van nuwe stembriewe
- 25 39. Besware aangaande uitbring van stemme
- 40. Verseëling van vol stembusse
- 41. Voltooiing van vorm en verseëling van stemmateriaal
- 42. Mobiele stemlokale
- 43. Meer as een verkiesing op dieselfde dag

30 *Deel 2: Tel van stemme by stemlokaal*

- 44. Plek en tyd van tel van stemme
- 45. Tel van stemme en bepaling van voorlopige uitslae
- 46. Besware aangaande sortering van stembriewe
- 47. Besware aangaande tel van stemme en bepaling van voorlopige uitslae
- 35 48. Prosedure aangaande voorlopige uitslae en stemmateriaal

Deel 3: Tel van stemme by ander plek as stemlokaal

- 49. Toepassing van Deel en prosedures
- 50. Bevestigingsprosedure
- 51. Besware aangaande bevestigingsprosedure
- 40 52. Toepassing van sekere artikels in Deel 2

Deel 4: Wesentlike besware teen finale uitslae van verkiesing

- 53. Besware wat wesentlik vir finale uitslae van verkiesing is
- 54. Bevoegdhede van Kommissie en Verkiesingshof

Deel 5: Bepaling en verklaring van finale uitslag van verkiesing

- 45 55. Bepaling en verklaring van finale uitslag van verkiesing

CHAPTER 5

AGENTS

- | | | |
|-----|---------------------------------|---|
| 56. | Appointment of party agents | |
| 57. | Appointment of candidate agents | |
| 58. | Powers and duties of agents | 5 |

CHAPTER 6

ADMINISTRATION

Part 1: Voting districts

- | | | |
|-----|--|----|
| 59. | Establishment of voting districts | |
| 60. | Factors for determining voting district boundaries | 10 |
| 61. | Consultation with party liaison committee | |
| 62. | Inspection and copies of maps of voting districts | |

Part 2: Voting stations

- | | | |
|-----|--|----|
| 63. | Establishment of voting stations | |
| 64. | Relocation of voting stations in emergencies | 15 |
| 65. | Organisation of voting stations | |
| 66. | Mobile voting stations | |

Part 3: Voting materials

- | | | |
|-----|---------------------|----|
| 67. | Ballot papers | |
| 68. | Ballot boxes | 20 |
| 69. | Voting compartments | |
| 70. | Voting materials | |

Part 4: Appointment of officers, additional persons and institutions, and their powers and duties

- | | | |
|-----|---|----|
| 71. | Appointment of presiding officers | 25 |
| 72. | Powers and duties of presiding officers | |
| 73. | Appointment of voting officers | |
| 74. | Powers and duties of voting officers | |
| 75. | Appointment of counting officers | |
| 76. | Powers and duties of counting officers | 30 |
| 77. | Appointment of counters | |
| 78. | Powers and duties of counters | |
| 79. | Appointment of additional persons | |
| 80. | Powers and duties of additional persons | |
| 81. | General provisions concerning appointment of officers | 35 |
| 82. | General provisions concerning appointment of institutions | |

Part 5: Accreditation of observers and persons providing voter education

- | | | |
|-----|--|----|
| 83. | Accreditation of observers | |
| 84. | Powers and duties of accredited observers | |
| 85. | Accreditation of persons providing voter education | 40 |

CHAPTER 7

GENERAL PROVISIONS

Part 1: Prohibited conduct

- | | | |
|-----|-----------------|----|
| 86. | Undue influence | |
| 87. | Impersonation | 45 |

HOOFSTUK 5

AGENTE

56. Aanstelling van party-agente
 57. Aanstelling van kandidaat-agente
 5 58. Bevoegdhede en pligte van agente

HOOFSTUK 6

ADMINISTRASIE

Deel 1: Stemdistrikte

59. Bepaling van stemdistrikte
 10 60. Faktore vir bepaling van stemdistrikgrense
 61. Oorlegpleging met party-skakelkomitee
 62. Insaë in en afskrifte van kaarte van stemdistrikte

Deel 2: Stemlokale

63. Instelling van stemlokale
 15 64. Verplasing van stemlokale in noodgevalle
 65. Organisering van stemlokale
 66. Mobiele stemlokale

Deel 3: Stemmateriaal

67. Stembriewe
 20 68. Stembusse
 69. Stemkompartemente
 70. Stemmateriaal

Deel 4: Aanstelling van beamptes, bykomende persone en instellings, en hul bevoegdhede en pligte

- 25 71. Aanstelling van voorsittende beamptes
 72. Bevoegdhede en pligte van voorsittende beamptes
 73. Aanstelling van stembeamptes
 74. Bevoegdhede en pligte van stembeamptes
 75. Aanstelling van telbeamptes
 30 76. Bevoegdhede en pligte van telbeamptes
 77. Aanstelling van tellers
 78. Bevoegdhede en pligte van tellers
 79. Aanstelling van bykomende persone
 80. Bevoegdhede en pligte van bykomende persone
 35 81. Algemene bepalinge aangaande aanstelling van beamptes
 82. Algemene bepalinge aangaande aanstelling van instellings

Deel 5: Akkreditering van waarnemers en persone wat kiesersopleiding verskaf

83. Akkreditering van waarnemers
 84. Bevoegdhede en pligte van geakkrediteerde waarnemers
 40 85. Akkreditering van persone wat kiesersopleiding verskaf

HOOFSTUK 7

ALGEMENE BEPALINGS

Deel 1: Verbode gedrag

86. Onbehoorlike beïnvloeding
 45 87. Identiteitsbedrog

- 88. Intentional false statements
- 89. Infringement of secrecy
- 90. Prohibitions concerning voting and election materials
- 91. Prohibitions concerning placards and billboards during election
- 92. Obstruction of, or non-compliance with, directions of Commission, chief electoral officer and other officers 5
- 93. Contravention of Code

Part 2: Enforcement

- 94. Institution of and intervention in civil proceedings by chief electoral officer
- 95. Jurisdiction and powers of Electoral Court 10

Part 3: Offences and penalties

- 96. Offences
- 97. Penalties

Part 4: Additional powers and duties of Commission

- 98. Electoral Code of Conduct and other Codes 15
- 99. Regulations
- 100. Assignment of powers and duties by Commission
- 101. Assignment of powers and duties by chief electoral officer
- 102. Powers of Commission, etc., when deciding objections and appeals
- 103. Access to private places 20
- 104. Ownership of voting and election materials
- 105. Return or forfeiture of deposit

Part 5: Other general provisions

- 106. Temporary obligations
- 107. Prohibition on certain political activities 25
- 108. Prohibition on publication of exit polls
- 109. Effect of certain irregularities
- 110. Inspection and copying of documents
- 111. Prohibition on certain strikes and lockouts
- 112. Limitation of liability 30
- 113. Repeal of laws
- 114. Act binds State
- 115. Application of Act when in conflict with other laws
- 116. Short title and commencement

SCHEDULE 1 35

ELECTION TIMETABLE

- 1. Cut-off time for act to be performed
- 2. Cut-off date for registration as voter in election
- 3. Notice that list of addresses of voting stations is available for inspection
- 4. Notice that voters' roll is available for inspection 40
- 5. Cut-off date for objections to voters' roll
- 6. Decision of objections concerning voters' roll
- 7. Certification of voters' roll
- 8. Cut-off date for submission of list of candidates
- 9. Notice of non-compliance 45
- 10. Inspection of lists of candidates and accompanying documents
- 11. Cut-off date for objections
- 12. Decision of objections
- 13. Cut-off date for appeals against decisions
- 14. Deciding appeals 50
- 15. List of parties and candidates entitled to contest election and final list of candidates

- 88. Opsetlike valse verklarings
- 89. Skending van geheimhouding
- 90. Verbodsbepalings aangaande stem- en verkiesingsmateriaal
- 91. Verbodsbepalings aangaande plakkate en reklameborde tydens verkiesing
- 5 92. Dwarsboming van, of nie-voldoening aan, voorskrifte van Kommissie. hoofverkiesingsbeampte en ander beamptes
- 93. Oortreding van Kode

Deel 2: Uitvoering

- 94. Instelling van en toetreding tot siviele verrigtinge deur hoofverkiesingsbeampte
- 10 95. Regsbevoegdheid en bevoegdhede van Verkiesingshof

Deel 3: Misdrywe en strawwe

- 96. Misdrywe
- 97. Strawwe

Deel 4: Bykomende bevoegdhede en pligte van Kommissie

- 15 98. Verkiesingsgedragskode en ander Kodes
- 99. Regulasies
- 100. Opdra van bevoegdhede en pligte deur Kommissie
- 101. Opdra van bevoegdhede en pligte deur hoofverkiesingsbeampte
- 102. Bevoegdhede van Kommissie, ens., wanneer besware en appèlle beslis word
- 20 103. Toegang tot private plekke
- 104. Eiendomsreg van stem- en verkiesingsmateriaal
- 105. Teruggawe of verbeuring van deposito

Deel 5: Ander algemene bepalinge

- 106. Tydelike verpligtinge
- 25 107. Verbod op sekere politieke aktiwiteite
- 108. Verbod op publikasie van meningspeilings
- 109. Uitwerking van sekere onreëlmatighede
- 110. Insae in en kopiëring van dokumente
- 111. Verbod op sekere stakings en uitsluitings
- 30 112. Bepierking van aanspreeklikheid
- 113. Herroeping van wette
- 114. Wet bind Staat
- 115. Toepassing van Wet wanneer bots met ander wette
- 116. Kort titel en inwerkingtreding

35 **BYLAE 1**

VERKIESINGSTYDROOSTER

- 1. Spertyd vir uitvoering van handeling
- 2. Sperdatum vir registrasie as kieser in verkiesing
- 3. Kennisgewing dat adreslys van stemlokale ter insae beskikbaar is
- 40 4. Kennisgewing dat kieserslys ter insae beskikbaar is
- 5. Sperdatum vir besware teen kieserslys
- 6. Beslissing van besware aangaande kieserslys
- 7. Sertifisering van kieserslys
- 8. Sperdatum vir voorlegging van kandidaatlys
- 45 9. Kennisgewing van nie-voldoening
- 10. Insae in kandidaatlyste en bygaande dokumente
- 11. Sperdatum vir besware
- 12. Beslissing van besware
- 13. Sperdatum vir appèlle teen beslissings
- 50 14. Beslissing van appèlle
- 15. Lys van partye en kandidate geregtig daarop om aan verkiesing deel te neem en finale kandidaatlys

- 16. Issue of certificate to candidates
- 17. Determination of boundaries of voting stations
- 18. Prescribing of voting hours
- 19. Notice of route of mobile voting stations

SCHEDULE 2

5

ELECTORAL CODE OF CONDUCT

- 1. Purpose of Code
- 2. Promotion of Code
- 3. Compliance with Code and electoral laws
- 4. Public commitment 10
- 5. Duty to co-operate
- 6. Role of women
- 7. Role of Commission
- 8. Prohibited conduct
- 9. Additions to Code 15

SCHEDULE 3

REPEAL OF LAWS

CHAPTER 1

INTERPRETATION, APPLICATION AND ADMINISTRATION OF ACT

Definitions 20

- 1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
 - (i) "agent" means a person appointed in terms of section 56 or 57; (i)
 - (ii) "chief electoral officer" means the person appointed in terms of section 12(1) of the Electoral Commission Act and includes any person designated to act in that capacity in terms of section 12(3) of that Act; (vi) 25
 - (iii) "Code" means a Code issued by the Commission under section 98, and includes the Electoral Code of Conduct; (x)
 - (iv) "Commission" means the Electoral Commission, established by section 3 of the Electoral Commission Act; (xi)
 - (v) "counter" means a person appointed in terms of section 77; (xvi) 30
 - (vi) "counting officer" means a person appointed in terms of section 75; (xv)
 - (vii) "election" means—
 - (a) an election of the National Assembly;
 - (b) an election of a provincial legislature; or
 - (c) an election of a municipal council or a by-election for a municipal 35 council; (xviii)
 - (viii) "election timetable" means a timetable for an election published by the Commission in terms of section 17; (xxi)
 - (ix) "Electoral Code of Conduct" means the Code contained in Schedule 2; (xix)
 - (x) "Electoral Commission Act" means the Electoral Commission Act, 1996 (Act 40 No. 51 of 1996); (xxv)
 - (xi) "Electoral Court" means the Court established by section 18 of the Electoral Commission Act; (xx)
 - (xii) "identity document" means—
 - (a) an identity document issued after 1 July 1986, in terms of section 8 of the 45 Identification Act, 1986 (Act No. 72 of 1986), and includes a temporary identity certificate issued in terms of section 9 of that Act, but excludes—
 - (i) an identity document or a reference book mentioned in section 8(3) of that Act; and
 - (ii) an identity document issued in terms of a law repealed by the 50 Identification Amendment Act, 1995 (Act No. 47 of 1995); or
 - (b) an identity card issued under the Identification Act, 1997 (Act No. 68 of 1997), and includes a temporary identity certificate issued in terms of section 16 of that Act; (vii)

16. Uitreik van sertifikaat aan kandidate
17. Vaststelling van grense van stemlokale
18. Voorskryf van stemure
19. Kennisgewing van roete van mobiele stemlokale

5

BYLAE 2

VERKIESINGSGEDRAGSKODE

1. Oogmerk van Kode
2. Bevordering van Kode
3. Nakoming van Kode en verkiesingswette
- 10 4. Openbare onderneming
5. Plig tot samewerking
6. Rol van vroue
7. Rol van Kommissie
8. Verbode gedrag
- 15 9. Byvoegings by Kode

BYLAE 3

HERROEPING VAN WETTE

HOOFSTUK 1

UITLEG, TOEPASSING EN UITVOERING VAN WET

20 Woordoms krywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
 - (i) "agent" 'n persoon ingevolge artikel 56 of 57 aangestel; (i)
 - (ii) "beampte"—
 - 25 (a) 'n voorsittende beampte;
 - (b) 'n stembeampte;
 - (c) 'n telbeampte;
 - (d) 'n teller: of enige natuurlike persoon ingevolge artikel 79 aangestel; (xiii)
 - 30 (iii) "beteken" om per geregistreerde pos, telegram, teleks of telefaks te stuur of om per hand af te lewer; (xxi)
 - (iv) "geregistreerde party" 'n party ingevolge artikel 15 van die Wet op die Verkiesingskommissie geregistreer; (xix)
 - (v) "hierdie Wet" ook enige regulasies ingevolge artikel 99 uitgevaardig; (xxii)
 - 35 (vi) "hoofverkiesingsbeampte" die persoon ingevolge artikel 12(1) van die Wet op die Verkiesingskommissie aangestel, en ook enige persoon wat ingevolge artikel 12(3) van daardie Wet aangewys is om in daardie hoedanigheid waar te neem; (ii)
 - (vii) "identiteitsdokument"—
 - 40 (a) 'n identiteitsdokument na 1 Julie 1986 uitgereik ingevolge artikel 8 van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet No. 72 van 1986), en ook 'n tydelike identiteitsertifikaat ingevolge artikel 9 van daardie Wet uitgereik, maar nie ook—
 - (i) 'n identiteitsdokument of 'n bewysboek in artikel 8(3) van daardie Wet genoem nie; en
 - 45 (ii) 'n identiteitsdokument uitgereik ingevolge 'n wet herroep deur die Wysigingswet op Identifikasie, 1995 (Wet No. 47 van 1995), nie; of
 - (b) 'n identiteitskaart ingevolge die Wet op Identifikasie, 1997 (Wet No. 68 van 1997), uitgereik, en ook 'n tydelike identiteitsertifikaat ingevolge
 - 50 artikel 16 van daardie Wet uitgereik; (xii)
 - (viii) "kieser" 'n Suid-Afrikaanse burger—
 - (a) wat 18 jaar oud of ouer is; en
 - (b) wie se naam op die kieserslys verskyn; (xxiii)
 - (ix) "kieserslys" die nasionale gemeenskaplike kieserslys opgestel ingevolge
 - 55 artikel 5; (xxiv)

- (xiii) "officer" means—
 (a) a presiding officer;
 (b) a voting officer;
 (c) a counting officer;
 (d) a counter; or 5
 any natural person appointed in terms of section 79: (ii)
- (xiv) "party liaison committee" means a committee established in terms of the Regulations on Party Liaison Committees published in terms of the Electoral Commission Act: (xii)
- (xv) "political office". in relation to a registered party, means any office in the party to which a representative of the party is elected or nominated, whether involving remuneration or not, or any other paid office in the party to which a person is appointed: (xiii) 10
- (xvi) "prescribe" means prescribe by regulation in terms of section 99 and "prescribed" has a corresponding meaning: (xxii) 15
- (xvii) "prescribed manner" includes any prescribed requirement as to time, process or form: (xxiii)
- (xviii) "presiding officer" means a person appointed in terms of section 71: (xxiv)
- (xix) "registered party" means a party registered in terms of section 15 of the Electoral Commission Act: (iv) 20
- (xx) "security services" means the services as defined in section 199 of the Constitution: (xvii)
- (xxi) "serve" means to send by registered post, telegram, telex or telefax or to deliver by hand: (iii)
- (xxii) "this Act" includes any regulations made in terms of section 99: (v) 25
- (xxiii) "voter" means a South African citizen—
 (a) who is 18 years old or older; and
 (b) whose name appears on the voters' roll: (viii)
- (xxiv) "voters' roll" means the national common voters' roll compiled in terms of section 5: (ix) 30
- (xxv) "voting officer" means a person appointed in terms of section 73. (xiv)

Interpretation of this Act

2. Every person interpreting or applying this Act must—
 (a) do so in a manner that gives effect to the constitutional declarations, guarantees and responsibilities contained in the Constitution; and 35
 (b) take into account any appropriate Code.

Application of this Act

3. This Act applies to every—
 (a) election of the National Assembly;
 (b) election of a provincial legislature; and 40
 (c) election of a municipal council or a by-election for such council.

Administration of this Act

4. The Commission must administer this Act.

CHAPTER 2

REGISTRATION OF VOTERS, AND VOTERS' ROLL 45

National common voters' roll

5. The chief electoral officer must compile and maintain a national common voters' roll.

- (x) "Kode" 'n Kode deur die Kommissie kragtens artikel 98 uitgereik, en ook die Verkiesingsgedragskode; (iii)
- (xi) "Kommissie" die Verkiesingskommissie, deur artikel 3 van die Wet op die Verkiesingskommissie ingestel; (iv)
- 5 (xii) "party-skakelkomitee" 'n komitee ingestel ingevolge die Regulasies op Party-skakelkomitees uitgevaardig ingevolge die Wet op die Verkiesingskommissie; (xiv)
- (xiii) "politieke amp", met betrekking tot 'n geregistreerde party, enige amp in die party waarin 'n verteenwoordiger vir die party verkies of benoem word, hetsy
- 10 vergoeding betrokke is of nie, of enige ander betaalde amp in die party waarin 'n persoon aangestel word; (xv)
- (xiv) "stembeampte" 'n persoon ingevolge artikel 73 aangestel; (xxv)
- (xv) "telbeampte" 'n persoon ingevolge artikel 75 aangestel; (vi)
- (xvi) "teller" 'n persoon ingevolge artikel 77 aangestel; (v)
- 15 (xvii) "veiligheidsdienste" die dienste soos omskryf in artikel 199 van die Grondwet; (xx)
- (xviii) "verkieping"—
 - (a) 'n verkieping van die Nasionale Vergadering;
 - (b) 'n verkieping van 'n provinsiale wetgewer; of
 - 20 (c) 'n verkieping van 'n munisipale raad of 'n tussenverkieping vir 'n munisipale raad; (vii)
- (xix) "Verkiepingsgedragskode" die Kode in Bylae 2 vervat; (ix)
- (xx) "Verkiepingshof" die Hof deur artikel 18 van die Wet op die Verkiesingskommissie ingestel; (xi)
- 25 (xxi) "verkiepingstydrooster" 'n tydrooster vir 'n verkieping deur die Kommissie ingevolge artikel 17 gepubliseer; (viii)
- (xxii) "voorskryf" by regulasie ingevolge artikel 99 voorskryf, en het "voorgeskrewe" 'n ooreenstemmende betekenis; (xvi)
- (xxiii) "voorgeskrewe wyse" ook enige voorgeskrewe vereiste wat betref tyd,
- 30 proses of vorm; (xvii)
- (xxiv) "voorsittende beampte" 'n persoon ingevolge artikel 71 aangestel; (xviii)
- (xxv) "Wet op die Verkiesingskommissie" die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996 (Wet No. 51 van 1996). (x)

Uitleg van hierdie Wet

- 35 2. Elke persoon wat hierdie Wet uitlê of toepas, moet—
 - (a) dit op 'n wyse doen wat gevolg gee aan die grondwetlike verklarings, waarborge en verantwoordelikhede in die Grondwet vervat; en
 - (b) enige toepaslike Kode in aanmerking neem.

Toepassing van hierdie Wet

- 40 3. Hierdie Wet is van toepassing op elke—
 - (a) verkieping van die Nasionale Vergadering;
 - (b) verkieping van 'n provinsiale wetgewer; en
 - (c) verkieping van 'n munisipale raad of 'n tussenverkieping vir so 'n raad.

Uitvoering van hierdie Wet

- 45 4. Die Kommissie moet hierdie Wet uitvoer.

HOOFSTUK 2

REGISTRASIE VAN KIESERS, EN KIESERSLYS

Nasionale gemeenskaplike kieserslys

- 50 5. Die hoofverkiepingsbeampte moet 'n nasionale gemeenskaplike kieserslys opstel en in stand hou.

Persons who may apply for registration as voter

6. Any South African citizen in possession of an identity document may apply for registration as a voter.

Applications for registration as voter

- 7. A person applying for registration as a voter must do so— 5
 - (a) in the prescribed manner; and
 - (b) only for the voting district in which that person is ordinarily resident.

Registration

- 8. (1) If satisfied that a person's application for registration complies with this Act, the chief electoral officer must register that person as a voter by making the requisite entries in the voters' roll. 10
- (2) The chief electoral officer may not register a person as a voter if that person—
 - (a) has applied for registration fraudulently or otherwise than in the prescribed manner;
 - (b) is not a South African citizen; 15
 - (c) has been declared by the High Court to be of unsound mind or mentally disordered;
 - (d) is detained under the Mental Health Act, 1973 (Act No. 18 of 1973); or
 - (e) is not ordinarily resident in the voting district for which that person has applied for registration. 20
- (3) A person's name may not be entered in the voters' roll for more than one voting district.

Applications to change registration details

- 9. (1) A registered voter or person who has applied for registration as a voter and whose name or ordinary place of residence has changed, must apply in the prescribed manner to have that change recorded in the voters' roll or in that person's application. 25
- (2) No one need to apply when a change of name results from a change in marital status.
- (3) If satisfied that a person's application complies with this Act, the chief electoral officer must record the change in the voters' roll or application. 30

Applications for deregistration as voter

- 10. (1) A registered voter may apply for deregistration as a voter in the prescribed manner.
- (2) On receipt of an application for deregistration as a voter, the chief electoral officer must remove the applicant's name from the voters' roll. 35

Entries in or amendments to voters' roll at instance of chief electoral officer

- 11. (1) The chief electoral officer may—
 - (a) register as a voter any person who has not applied for registration, by entering that person's name in the voters' roll for the voting district in which that person is ordinarily resident, if the chief electoral officer is satisfied that that person qualifies for registration; 40
 - (b) change the registration details of a voter, if the chief electoral officer is satisfied that details of that voter as reflected in the voters' roll are incorrect or have changed; or
 - (c) deregister a voter, if the chief electoral officer is satisfied that that voter does not qualify or no longer qualifies for registration. 45

Persone wat om registrasie as kieser aansoek mag doen

6. Enige Suid-Afrikaanse burger wat 'n identiteitsdokument besit, mag om registrasie as 'n kieser aansoek doen.

Aansoeke om registrasie as kieser

- 5 7. 'n Persoon wat aansoek doen om registrasie as 'n kieser moet dit doen—
 (a) op die voorgeskrewe wyse; en
 (b) slegs vir die stemdistrik waarin daardie persoon gewoonlik woonagtig is.

Registrasie

8. (1) Indien die hoofverkiesingsbeampte tevrede is dat 'n persoon se aansoek om
 10 registrasie aan hierdie Wet voldoen, moet die hoofverkiesingsbeampte daardie persoon
 as 'n kieser registreer deur die nodige inskrywings in die kieserslys te doen.

(2) Die hoofverkiesingsbeampte mag nie 'n persoon as 'n kieser registreer nie indien
 daardie persoon—

- 15 (a) op 'n bedrieglike wyse of andersins as ooreenkomstig die voorgeskrewe
 wyse om registrasie aansoek gedoen het;
 (b) nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie;
 (c) deur die Hoë Hof geestesversteurd of -gestrem verklaar is;
 (d) kragtens die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1873),
 20 aangehou word; of
 (e) nie gewoonlik woonagtig is in die stemdistrik waarvoor daardie persoon om
 registrasie aansoek gedoen het nie.

(3) 'n Persoon se naam mag nie in die kieserslys vir meer as een stemdistrik ingeskryf
 word nie.

Aansoeke om verandering van registrasiebesonderhede

25 9. (1) 'n Geregistreeerde kieser of persoon wat om registrasie as 'n kieser aansoek
 gedoen het en wie se naam of gewone verblyfplek verander het, moet op die
 voorgeskrewe wyse aansoek doen om daardie verandering in die kieserslys of daardie
 persoon se aansoek te laat aanteken.

(2) Niemand hoef aansoek te doen wanneer 'n naamsverandering uit 'n verandering
 30 van huwelikstatus voortspruit nie.

(3) Indien die hoofverkiesingsbeampte tevrede is dat 'n persoon se aansoek aan
 hierdie Wet voldoen, moet die hoofverkiesingsbeampte die verandering in die
 kieserslys of aansoek aanbring.

Aansoeke om skraping van registrasie as kieser

35 10. (1) 'n Geregistreeerde kieser kan op die voorgeskrewe wyse om skraping van
 registrasie as 'n kieser aansoek doen.

(2) By ontvangs van 'n aansoek om skraping van 'n registrasie as kieser, moet die
 hoofverkiesingsbeampte die aansoeker se naam uit die kieserslys verwyder.

40 Inskrywings in en wysigings van kieserslys deur hoofverkiesingsbeampte uit eie
 beweging

11. (1) Die hoofverkiesingsbeampte kan—

- 45 (a) 'n persoon wat nie om registrasie aansoek gedoen het nie as 'n kieser
 registreer deur daardie persoon se naam in die kieserslys in te skryf vir die
 stemdistrik waarin daardie persoon gewoonlik woonagtig is, indien die
 hoofverkiesingsbeampte tevrede is dat daardie persoon vir registrasie kwalifiseer;
 (b) die registrasiebesonderhede van 'n kieser verander, indien die hoofverkie-
 singsbeampte tevrede is dat die besonderhede van daardie kieser soos in die
 kieserslys weergegee, nie korrek is nie of verander het; of
 50 (c) die registrasie van 'n kieser skrap, indien die hoofverkiesingsbeampte
 tevrede is dat daardie kieser nie of nie meer vir registrasie kwalifiseer nie.

(2) The chief electoral officer must record in the voters' roll or a person's application any change in voting district for which a person is registered as a voter or has applied for registration, if that person's place of ordinary residence after a change in the boundaries of that voting district falls in another voting district.

Notification by chief electoral officer

5

12. (1) The chief electoral officer must notify, in the prescribed manner, a person—
- (a) whose application in terms of section 7 for registration as a voter has been refused;
 - (b) whose application in terms of section 9 to have a change of name or ordinary place of residence recorded, has been refused;
 - (c) who has been deregistered as a voter in terms of section 11; or
 - (d) whose registration details have been changed in terms of section 11.
- (2) The notification must give reasons for the refusal or step concerned.

10

Appeal against decisions and steps of chief electoral officer

13. (1) A person mentioned in section 12(1) who feels aggrieved by a decision or step taken by the chief electoral officer in terms of section 8, 9 or 11, may appeal to the Commission against that decision or step in the prescribed manner.
- (2) The Commission, in the prescribed manner, must consider and decide the appeal and notify the appellant and chief electoral officer of the decision.
- (3) No appeal may be brought against the decision of the Commission, subject to section 20(2)(a) of the Electoral Commission Act.

15

20

CHAPTER 3

PROCLAMATION OF AND PREPARATIONS FOR ELECTIONS

Part 1: Proclamation of elections

Proclamation of elections of National Assembly

25

14. (1) Whenever the President or Acting President calls an election of the National Assembly the proclamation concerned must—
- (a) set a single day and date for voting; and
 - (b) give at least 60 days' notice of the voting day.
- (2) The voting day must be determined after consultation with the Commission.

30

Proclamation of elections of provincial legislatures

15. (1) Whenever the President or the Premier or Acting Premier of a province calls an election of the provincial legislature the proclamation concerned must—
- (a) set a single day and date for voting; and
 - (b) give at least 60 days' notice of the voting day.
- (2) The voting day must be determined after consultation with the Commission.

35

Proclamation of municipal elections

16. Municipal elections must be called in accordance with Chapter 7 of the Constitution and national or provincial legislation thereunder.

Election timetables

40

17. (1) The Commission must—
- (a) compile an election timetable for each election substantially in accordance with Schedule 1; and
 - (b) publish the election timetable in the *Government Gazette*.
- (2) The Commission may amend the election timetable by notice in the *Government Gazette*—
- (a) if it considers it necessary for a free and fair election; or
 - (b) if the voting day is postponed in terms of section 18.

45

(2) Die hoofverkiegingsbeampte moet in die kieserslys of 'n persoon se aansoek enige verandering in 'n stemdistrik waarvoor 'n persoon as kieser geregistreer is of om registrasie aansoek gedoen het, aanbring indien daardie persoon se gewone verblyfplek na 'n verandering van die grense van daardie stemdistrik in 'n ander stemdistrik val.

5 Kennisgewing deur hoofverkiegingsbeampte

12. (1) Die hoofverkiegingsbeampte moet op die voorgeskrewe wyse aan 'n persoon kennis gee—

- (a) wie se aansoek ingevolge artikel 7 om registrasie as 'n kieser geweier is;
 - 10 (b) wie se aansoek ingevolge artikel 9 om 'n verandering van naam of gewone verblyfplek te laat aanteken, geweier is;
 - (c) wie se registrasie ingevolge artikel 11 geskrap is; of
 - (d) wie se registrasiebesonderhede ingevolge artikel 11 verander is.
- (2) Die kennisgewing moet die redes vir die betrokke weiering of stap gee.

Appel teen beslissings en stappe van hoofverkiegingsbeampte

15 13. (1) 'n Persoon in artikel 12(1) genoem wat verontreg voel deur 'n beslissing of stap van die hoofverkiegingsbeampte ingevolge artikel 8, 9 of 11, kan op die voorgeskrewe wyse teen daardie beslissing of stap na die Kommissie appelleer.

(2) Die Kommissie moet op die voorgeskrewe wyse die appel oorweeg en beslis, en die appellant en die hoofverkiegingsbeampte van die beslissing in kennis stel.

20 (3) Geen appel kan teen die beslissing van die Kommissie aangeteken word nie, behoudens artikel 20(2)(a) van die Wet op die Verkiegingskommissie.

HOOFSTUK 3

AFKONDIGING VAN EN VOORBEREIDINGS VIR VERKIESINGS

Deel 1: Afkondiging van verkiesings

25 Afkondiging van verkiesings van Nasionale Vergadering

14. (1) Wanneer ook al die President of Waarnemende President 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering uitskryf, moet die betrokke proklamasie—

- (a) 'n enkele dag en datum vir die stemming vasstel; en
 - 30 (b) minstens 60 dae kennis van die stembdag gee.
- (2) Die stembdag moet na oorleg met die Kommissie vasgestel word.

Afkondiging van verkiesings van provinsiale wetgewers

15. (1) Wanneer ook al die President of die Premier of Waarnemende Premier van 'n provinsie 'n verkiesing van die provinsiale wetgewer uitskryf, moet die proklamasie—

- (a) 'n enkele dag en datum vir die stemming vasstel; en
 - 35 (b) minstens 60 dae kennis van die stembdag gee.
- (2) Die stembdag moet na oorleg met die Kommissie vasgestel word.

Afkondiging van munisipale verkiesings

16. Munisipale verkiesings moet ooreenkomstig Hoofstuk 7 van die Grondwet en nasionale en provinsiale wetgewing daarkragtens uitgeskryf word.

40 Verkiegingstydroosters

17. (1) Die Kommissie moet—

- (a) vir elke verkiesing 'n verkiesingstydrooster opstel, wat wesentlik in ooreenstemming met Bylae 1 moet wees; en
 - (b) die verkiesingstydrooster in die *Staatskoerant* publiseer.
- 45 (2) Die Kommissie kan die verkiesingstydrooster by kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig—
- (a) indien hy dit vir 'n vrye en regverdige verkiesing noodsaaklik ag; of
 - (b) indien die stembdag ingevolge artikel 18 uitgestel word.

General postponement of elections

18. (1) The Commission may request the person who called an election to postpone the voting day for that election, provided the Commission is satisfied that—
- (a) the postponement is necessary for ensuring a free and fair election; and
 - (b) the voting day for the election will still fall within the period as required by the Constitution or national or provincial legislation thereunder.
- (2) If the person to whom the request is made accedes to the request, that person, by proclamation or notice in the *Government Gazette*, must postpone the voting day for the election to a day determined by that person, but that day must fall within the period referred to in subsection (1)(b).

Postponement of voting at voting station

19. (1) If it is not reasonably possible to conduct a free and fair election at a voting station on the proclaimed voting day, the Commission may at any time before the voting at a voting station has commenced, postpone voting at that voting station.
- (2) A postponement in terms of subsection (1) must be—
- (a) effected in the prescribed manner;
 - (b) to a date within seven days of the proclaimed voting day;
 - (c) to a day that would still fall within the period referred to in section 18(1)(b); and
 - (d) publicised in the public media considered appropriate so as to ensure wide publicity of the postponement of the voting day at that voting station.

Revote at voting station

20. (1) If ballot papers used in an election at a voting station are lost, destroyed or unlawfully removed before the votes cast at the voting station have been counted or the provisional result for that voting station has been determined and announced, the Commission may allow a revote at that voting station.
- (2) A revote at a voting station must be conducted in accordance with a procedure prescribed by the Commission which is consistent with the principles provided for in Chapter 4.

Part 2: Voters' roll

Cut-off date for registration as voter in election

21. (1) By not later than the relevant date stated in the election timetable for an election, a person who wants to vote in that election must—
- (a) be registered as a voter;
 - (b) have applied for registration as a voter in terms of section 7; or
 - (c) have applied for change of registration details, if section 9 is applicable.
- (2) By the respective dates stated in the election timetable—
- (a) the chief electoral officer must process every application referred to in subsection (1)(b) or (c);
 - (b) the chief electoral officer must notify every person as required by section 12;
 - (c) an appellant must serve any appeal referred to in section 13;
 - (d) the Commission must consider and decide the appeal and notify the appellant and the chief electoral officer of the decision in the prescribed manner; and
 - (e) the chief electoral officer must compile the segment of the voters' roll to be used in that election. The segment must—
 - (i) consist of the segments for every voting district in which that election has been called; and
 - (ii) only include the names of voters registered for those voting districts and who will be at least 18 years of age on the voting day for that election.

Algemene uitstel van verkiesings

18. (1) Die Kommissie kan die persoon wat 'n verkiesing uitgeskryf het, versoek om die stembag vir daardie verkiesing uit te stel mits die Kommissie tevrede is dat—

- (a) die uitstel noodsaaklik is om 'n vrye en regverdigte verkiesing te verseker; en
5 (b) die stembag vir die verkiesing steeds binne die tydperk soos vereis deur die Grondwet of nasionale of provinsiale wetgewing daarkragtens, sal val.

(2) Indien die persoon aan wie die versoek gerig word, tot die versoek instem, moet daardie persoon, by proklamasie of kennisgewing in die *Staatskoerant*, die stembag vir die verkiesing uitstel tot 'n dag deur daardie persoon bepaal, maar daardie dag moet
10 binne die tydperk bedoel in subartikel (1)(b) val.

Uitstel van stemming by stemlokaal

19. (1) Indien dit nie redelikerwys moontlik is om 'n vrye en regverdigte verkiesing by 'n stemlokaal op die afgekondigde stembag te hou nie, kan die Kommissie te eniger tyd voordat die stemming by 'n stemlokaal begin het, die stemming by daardie
15 stemlokaal uitstel.

(2) 'n Uitstel ingevolge subartikel (1) moet—

- (a) op die voorgeskrewe wyse geskied;
(b) tot 'n datum binne sewe dae vanaf die afgekondigde stembag wees;
20 (c) tot 'n dag wees wat steeds binne die tydperk bedoel in artikel 18(1)(b) sal val; en
(d) publisiteit in die openbare media wat as toepaslik beskou word, gegee word om wye bekendmaking van die uitstel van die stembag by daardie stemlokaal te verseker.

Herstemming by stemlokaal

25 20. (1) Indien stembriewe wat tydens 'n verkiesing by 'n stemlokaal gebruik is, verlore raak, vernietig word of wederregtelik verwyder word voordat die stemme getel is wat by die stemlokaal uitgebring is, of die voorlopige uitslag vir daardie stemlokaal bepaal en aangekondig is, kan die Kommissie 'n herstemming by daardie stemlokaal toelaat.

30 (2) 'n Herstemming by 'n stemlokaal moet gehou word ooreenkomstig 'n prosedure deur die Kommissie voorgeskryf wat bestaanbaar is met die beginsels waarvoor Hoofstuk 4 voorsiening maak.

Deel 2: Kieserslys

Sperdatum vir registrasie as kieser in verkiesing

35 21. (1) Teen nie later nie as die tersaaklike datum vermeld in die verkiesingstyd-
drooster vir 'n verkiesing, moet 'n persoon wat in daardie verkiesing wil stem—

- (a) as 'n kieser geregistreer wees; of
(b) om registrasie as 'n kieser ingevolge artikel 7 aansoek gedoen het; of
40 (c) om verandering van registrasiebesonderhede aansoek gedoen het, indien artikel 9 van toepassing is.

(2) Teen die onderskeie datums in die verkiesingstyd-
drooster vermeld, moet—

- (a) die hoofverkiesingsbeampte elke aansoek bedoel in subartikel (1)(b) of (c) verwerk;
(b) die hoofverkiesingsbeampte elke persoon in kennis stel soos deur artikel 12 vereis;
45 (c) 'n appellant 'n appèl waarna in artikel 13 verwys word, beteken;
(d) die Kommissie die appèl oorweeg en beslis en die appellant en die hoofverkiesingsbeampte op die voorgeskrewe wyse van die beslissing in kennis stel; en
50 (e) die hoofverkiesingsbeampte die segment van die kieserslys wat in daardie verkiesing gebruik moet word, opstel. Die segment moet—
(i) bestaan uit die segmente vir elke stembagterreë wat daardie verkie-
sing uitgeskryf is; en
55 (ii) slegs die name bevat van kiesers wat vir daardie stembagterreë geregistreer is en wat op die stembag van daardie verkiesing minstens 18 jaar oud sal wees.

Inspection and copies of voters' roll

22. (1) By not later than the relevant date stated in the election timetable for an election, the chief electoral officer must give notice that copies of the segment of the voters' roll to be used in that election will be available for inspection.
- (2) The notice must be— 5
- (a) published in the *Government Gazette*; and
 - (b) publicised in the public media considered appropriate by the chief electoral officer so as to ensure wide publicity of the voters' roll.
- (b) facilitate the full and equal participation of women in political activities;
- (c) ensure the free access of women to all public political meetings, marches, demonstrations, rallies and other public political events; and
- (d) take all reasonable steps to ensure that women are free to engage in any political activities.

Role of Commission

7. Every registered party and every candidate must—

- (a) recognise the authority of the Commission in the conduct of an election;
- (b) assure voters of the Commission's impartiality;
- (c) give effect to any lawful direction, instruction or order of the Commission, or a member, employee or officer of the Commission, or the chief electoral officer;
- (d) establish and maintain effective lines of communication with—
 - (i) the Commission; and
 - (ii) other registered parties contesting the election;
- (e) facilitate the access of members, employees and officers of the Commission, and the chief electoral officer, to public meetings, marches, demonstrations, rallies and other public political events of that party or candidate;
- (f) co-operate in any investigation of the Commission;
- (g) take all reasonable steps to ensure—
 - (i) the safety of members, employees and officers of the Commission, and the chief electoral officer, in the exercise of any power or the performance of any duty assigned by or under this Act;
 - (ii) that persons referred to in subparagraph (i) are not subjected to insult, hazard or threat by any representatives or supporters of that party or candidate; and
 - (iii) that representatives of that party or candidate attend meetings of any party liaison committee or other forum convened by the Commission.

Prohibited conduct

8. (1) No registered party or candidate may—

- (a) use language or act in a way that may provoke—
 - (i) violence during an election; or
 - (ii) the intimidation of candidates, members of parties, representatives or supporters of parties or candidates, or voters;
- (b) publish false or defamatory allegations in connection with an election in respect of—
 - (i) a party, its candidates, representatives or members; or
 - (ii) a candidate or that candidate's representatives;
- (c) plagiarise the symbols, colours or acronyms of other registered parties;
- (d) discriminate on race, ethnicity, sex, gender, class or religion in connection with an election or political activity; or

Plig tot samewerking

5. Elke geregistreerde party en elke kandidaat moet oorleg pleeg met ander partye wat aan 'n verkiesing deelneem en daarna streef om te verseker dat hulle nie 'n openbare vergadering, optog, betoging, byeenkoms of ander openbare politieke geleentheid op dieselfde tyd en plek reël as die tyd en plek wat deur 'n ander party wat aan die verkiesing deelneem, gereël word nie.

Rol van vroue

6. Elke geregistreerde party en elke kandidaat moet—
- (a) vroue se reg respekteer om vryelik met partye en kandidate te kommunikeer;
 - (b) volle en gelyke deelname van vroue aan politieke bedrywighede vergemaklik;
 - (c) vrye toegang van vroue verseker tot alle openbare politieke vergaderings, optogte, betogings, byeenkomste en ander politieke geleenthede; en
 - (d) alle redelike stappe doen om te verseker dat vroue vryelik aan enige politieke bedrywighede kan deelneem.

Rol van Kommissie

7. Elke geregistreerde party en elke kandidaat moet—
- (a) die gesag van die Kommissie in die voer van 'n verkiesing erken;
 - (b) kiesers van die Kommissie se onpartydigheid verseker;
 - (c) uitvoering gee aan enige wettige voorskrif, opdrag of bevel van die Kommissie, of 'n lid, werknemer of beampte van die Kommissie, of die hoofverkiesingsbeampte;
 - (d) doeltreffende kommunikasiekanale skep en in stand hou met—
 - (i) die Kommissie; en
 - (ii) ander geregistreerde partye wat aan die verkiesing deelneem;
 - (e) toegang van lede, werknemers en beamptes van die Kommissie, en die hoofverkiesingsbeampte, tot openbare vergaderings, optogte, betogings, byeenkomste en ander politieke geleenthede van daardie party of kandidaat, vergemaklik;
 - (f) saamwerk in enige ondersoek van die Kommissie;
 - (g) alle redelike stappe doen om—
 - (i) die veiligheid van lede, werknemers en beamptes van die Kommissie, en die hoofverkiesingsbeampte, te verseker in die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig deur of kragtens hierdie Wet opgedra;
 - (ii) te verseker dat persone waarna in subparagraaf (i) verwys word, nie blootgestel word aan belediging, gevaar of bedreiging deur enige verteenwoordigers of ondersteuners van daardie party of kandidaat nie; en
 - (iii) te verseker dat verteenwoordigers van daardie party of kandidaat vergaderings van enige party-skakelkomitee of ander forum deur die Kommissie byeengeroep, bywoon.

Verbode gedrag

8. (1) Geen geregistreerde party of kandidaat mag—
- (a) taal gebruik of optree op 'n wyse wat aanleiding kan gee tot—
 - (i) geweld gedurende 'n verkiesing nie; of
 - (ii) intimidasie van kandidate, lede van partye, verteenwoordigers of ondersteuners van partye of kandidate, of kiesers nie;
 - (b) valse of lasterlike aantygings publiseer in verband met 'n verkiesing ten opsigte van—
 - (i) 'n party, sy kandidate, verteenwoordigers of lede nie; of
 - (ii) 'n kandidaat of daardie kandidaat se verteenwoordigers nie;
 - (c) die simbole, kleure of akronieme van ander geregistreerde partye naboots nie;
 - (d) op grond van ras, etnisiteit, geslag, geslagentelikheid, klas of geloof diskrimineer met betrekking tot 'n verkiesing of politieke bedrywighede nie; of

- (e) force a woman to adopt a political position or participate in a political activity other than one that she chooses.
- (2) No person may—
 - (a) offer any inducement or reward to another person—
 - (i) to join or not to join a party;
 - (ii) to attend or not to attend a public meeting, march, demonstration, rally or other public political event;
 - (iii) to vote or not to vote, or to vote or not to vote in any particular way; or
 - (iv) to refuse a nomination as a candidate or to withdraw as a candidate; or
 - (b) carry or display arms or weapons—
 - (i) at a political meeting; or
 - (ii) in any march, demonstration, rally or other public political event;
 - (c) unreasonably prevent any other person access to voters for the purpose of voter education, collecting signatures, recruiting members, raising funds or canvassing support for a party or candidate;
 - (d) deface or unlawfully remove or destroy the billboards, placards, posters or any other election materials of a party or candidate; or
 - (e) abuse a position of power, privilege or influence, including parental, patriarchal, traditional or employment authority to influence the conduct or outcome of an election.

Additions to Code

9. The Commission may by regulations made in terms of section 99 add provisions to this Code.

- (e) 'n vrou dwing om 'n politieke posisie te aanvaar of om aan 'n politieke bedrywigheid behalwe as uit vrye keuse deel te neem nie.
- (2) Geen persoon mag—
- (a) 'n ander persoon enige lokmiddel of beloning aanbied nie—
- (i) om by 'n party aan te sluit of nie aan te sluit nie;
 - (ii) om 'n openbare vergadering, optog, betoging, byeenkoms of ander politieke geleentheid by te woon of nie by te woon nie;
 - (iii) te stem of nie te stem nie of op 'n bepaalde wyse te stem of nie te stem nie;
 - (iv) om 'n benoeming as kandidaat te weier of as kandidaat te onttrek; of
- (b) 'n wapen dra of vertoon—
- (i) by 'n politieke vergadering nie; of
 - (ii) tydens enige optog, betoging, byeenkoms of ander openbare politieke geleentheid nie;
- (c) 'n ander persoon onredelik verhinder om toegang tot kiesers te verkry met die doel om kiesers op te lei, händtekeninge te versamel, lede te werf, fondse in te samel of ondersteuning vir 'n party of kandidaat te werf nie;
- (d) die reklameborde, plakkaate of biljette of enige ander verkiesingsmateriaal van 'n party of kandidaat ontsier of wederregtelik verwyder of vernietig nie; of
- (e) enige magsposisie of posisie van voorreg of invloed, met inbegrip van ouerlike, patriargale, tradisionele of werkgewergesag misbruik ten einde die hou of uitslag van 'n verkiesing te beïnvloed nie.

Byvoegings by Kode

9. Die Kommissie kan by wyse van regulasies ingevolge artikel 99 bepalings by hierdie Kode voeg.

SCHEDULE 3
REPEAL OF LAWS
(Section 113)

No. and year of law	Title
Act No. 202 of 1993	Electoral Act, 1993
Act No. 1 of 1994	Electoral Amendment Act, 1994
Proclamation No. 65 of 1994	
Proclamation No. 69 of 1994	
Proclamation No. 73 of 1994	
Proclamation No. 85 of 1994	
Proclamation No. 91 of 1994	

BYLAE 3

HERROEPING VAN WETTE

(Artikel 113)

Nommer en jaar van wet	Titel
Wet No. 202 van 1993	Kieswet, 1993
Wet No. 1 van 1994	Kieswysigingswet, 1994
Proklamasie No. 65 van 1994	
Proklamasie No. 69 van 1994	
Proklamasie No. 73 van 1994	
Proklamasie No. 85 van 1994	
Proklamasie No. 91 van 1994	

MEMORANDUM ON THE OBJECTS OF THE ELECTORAL BILL, 1998

PART 1

1. The Constitution of the Republic of South Africa, 1996, charges the Electoral Commission ("EC") with the management of all elections in all spheres of government. The Electoral Commission Act, 1996 (Act No. 51 of 1996), obliges the EC continuously to review and make recommendations regarding electoral legislation.

2. The current Electoral Act, 1993 (Act No. 202 of 1993), was designed for the unique purpose of governing the first democratic elections for the national and provincial legislatures. Even as amended last year, it does not cater adequately for the country's next national, provincial and municipal elections. For instance, it does not make suitable provision for a general registration of voters and the preparation of a common voters' roll, as required by the Constitution.

3. The EC has prepared a draft Electoral Bill in terms of which elections in all spheres of government can be conducted. That draft Bill was accepted by the Minister of Home Affairs with minor adaptations and is being introduced as the Bill.

4. The individual chapters of the Bill are summarised in Part 2 below and only a few issues of principle proposed in the Bill are highlighted:

4.1 Registration

Possession of an identity document or identity card issued in terms of the Identification Act, 1986 (Act No. 72 of 1986), or the Identification Act, 1997 (Act No. 68 of 1997), will, if approved, henceforth be a prerequisite for registration as a voter. In terms of the Bill, a national voters' roll must be prepared and permanently maintained. In order to avoid last minute registrations and consequent amendments to the national voters' roll, everybody in possession of an identity document, including sixteen year olds, will be allowed to apply for registration. The names of only those persons who will have turned 18 on election day will appear on that roll. In all future elections, voters whose names are not on the national voters' roll will be unable to vote. A voter's name will appear on the national roll only once and voters will be registered in the voting district where they are ordinarily resident, a flexible concept making allowance for migrant workers, students and holiday home owners. A voter's name will only appear in one voting district segment of the national voters' roll and as such will be allowed to vote only in that voting district.

4.2 Special voting

The Bill makes no provision for any absentee, postal, foreign or other special voting but permits the introduction of such provisions by regulations. The EC doubts the constitutionality of a regime that does not provide appropriate voting facilities for voters unable to attend a voting station due to pregnancy, age or physical disability. A case can also be made out for other voters involuntarily unable to attend a voting station on voting day, e.g. members of the security forces and the EC who have to serve outside their residential districts. However, at this stage budgetary constraint renders allowance for such categories of voters barely affordable and ways of meeting the most pressing needs will have to be found.

4.3 Voting/counting

The whole procedure is to be simplified. It is proposed that there will be one voting station per voting district; a voter's name will appear on one segment of the national roll only; each voter's identity document (or temporary certificate issued under the

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE KIESWETSONTWERP, 1998

DEEL 1

1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, dra die administrasie van alle verkiesings in alle regeringsfere aan die Verkiesingskommissie ("VK") op. Die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996 (Wet No. 51 van 1996), verplig die VK om verkiesingswetgewing deurlopend te hersien en om aanbevelings in verband daarmee te doen.

2. Die huidige Kieswet, 1993 (Wet No. 202 van 1993), is opgestel met die uitsluitlike doel om die eerste demokratiese verkiesing van die nasionale en provinsiale wetgewers te reël. Selfs soos verlede jaar gewysig, maak die huidige Kieswet nie voldoende voorsiening vir die land se volgende nasionale, provinsiale en munisipale verkiesings nie. Dit maak byvoorbeeld nie na behore vir 'n algemene registrasie van kiesers en opstel van 'n gemeenskaplike kieserslys, soos deur die Grondwet vereis, voorsiening nie.

3. Die VK het 'n konsep Kieswetsontwerp opgestel ingevolge waarvan verkiesings in al die regeringsfere gehou kan word. Die konsepwetsontwerp is met geringe aanpassings deur die Minister van Binnelandse Sake aanvaar, en word as die Wetsontwerp ingedien.

4. Die afsonderlike hoofstukke van die Wetsontwerp word in Deel 2 hieronder opgesom en slegs 'n paar beginselpunte wat deur die Wetsontwerp voorgestel word, word uitgelig:

4.1 Registrasie

Die besit van 'n identiteitsdokument of -kaart, uitgereik ingevolge die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet No. 72 van 1986), of die Wet op Identifikasie (Wet No. 68 van 1997), mits goedgekeur, sal voortaan 'n voorvereiste vir registrasie as 'n kieser wees. Ingevolge die Wetsontwerp moet 'n nasionale kieserslys opgestel en in stand gehou word. Ten einde registrasie op die laaste oomblik, en die gevolglike wysigings van die nasionale gemeenskaplike kieserslys, te vermy, sal almal wat in besit van 'n identiteitsdokument is, met inbegrip van 16-jariges, toegelaat word om om registrasie aansoek te doen. Slegs diegene wat op stembag reeds 18 jaar oud is, se name sal egter op die lys verskyn. In alle toekomstige verkiesings sal slegs kiesers wie se name op die nasionale kieserslys verskyn, kan stem. 'n Kieser se naam sal slegs een keer op die nasionale lys verskyn en sal geregistreer word in die stembdistrik waar daardie persoon gewoonlik woonagtig is. Hierdie is 'n buigsame konsep wat trekarbeiders, studente en vakansiehuisseienaars tegemoet kom. 'n Kieser se naam sal slegs in een stembdistrik-segment van die nasionale gemeenskaplike kieserslys verskyn en sal as sodanig toegelaat word om slegs in daardie stembdistrik te stem.

4.2 Spesiale stemme

Die Wetsontwerp maak nie voorsiening vir enige afwesige, pos-, buitelandse of ander spesiale stemme nie, maar veroorloof wel die uitvaardiging van reëlins van hierdie verband by wyse van regulasie. Die VK betwyfel die grondwetlikheid van 'n bedeling wat nie toepaslike voorsiening maak vir die uitbring van stemme deur kiesers wat as gevolg van swangerskap, ouderdom of liggaamlike gestremdheid nie 'n stemlokaal kan besoek nie. 'n Saak kan ook uitgemaak word vir ander kiesers wat nie in staat is om op stembag 'n stemlokaal te besoek nie, byvoorbeeld lede van die veiligheidsdienste en die VK wat diens moet doen buite die distrikte waar hulle woonagtig is. In hierdie stadium maak begrotingsbeperkings 'n akkommodering van sulke kategorieë kiesers nouliks bekostigbaar en sal oplossings vir die dringendste behoeftes gevind moet word.

4.3 Stemming/tel van stemme

Die hele prosedure word vereenvoudig. Daar word voorgestel dat daar een stemlokaal per stembdistrik sal wees: 'n kieser se naam sal op slegs een segment van die nasionale kieserslys verskyn; elke kieser se identiteitsdokument (of tydelike sertifikaat uitgereik ingevolge die betrokke Wet op Identifikasie) sal nagegaan word; 'n stembrief

appropriate Identification Act) is checked; a ballot paper is then stamped and handed to the voter for marking in the voting compartment while the voter's name is marked off on the roll. There will ordinarily be only one day for voting and counting will ordinarily take place at the same station as the voting. Many complexities and loopholes, perceived and real, of the 1994 procedure will be eliminated and expenditure can be significantly reduced.

4.4 Code of Conduct

The Bill envisages all participating parties committing themselves, their officers, members and supporters to a Code and states the Electoral Court has exclusive jurisdiction in respect of complaints thereunder. Unlike the 1993 Act, the Bill does not establish a special hierarchy of electoral tribunals. This is largely for financial reasons but the Minister of Justice and the chairperson of the Electoral Court should be consulted about possible back-up support of the Court.

PART 2

The Bill consists of seven chapters and three schedules:

Chapter 1

This Chapter seeks to provide for the application of the Act to elections for national, provincial and municipal legislatures and charges the EC with the administration of the Act.

Chapter 2

A major difference between the 1994 national and provincial elections and those to be held in 1999, is that the Constitution now requires the establishment and use of a national voters' roll.

The existing municipal voters' rolls, used for the 1995/96 municipal elections were consolidated and evaluated to ascertain whether they could be used as a basis for the national voters' roll. It was found that the inaccuracy percentage of the rolls in general made them unsuitable and their consolidation presented major technical problems. It would also not have been possible to rearrange the voters on those rolls into the newly demarcated voting districts. A new general registration of voters is therefore unavoidable. This holds the advantage that voters will register at the designated voting stations where they will eventually cast their votes. In effect, the registration process will serve as trial run for the elections, giving the electorate, the political parties and the EC invaluable experience.

Chapter 2 seeks to provide for the registration of voters and for the continuous updating of the new voters' roll when a voter's place of ordinary residence changes.

A voter will be registered in the voting district where that voter is ordinarily resident. "Ordinarily resident" is not defined. A voter who lives in one district and works and lives in another for long continuous periods will probably have a choice of registration in either of those districts.

The Chief Electoral Officer is to be authorised in clause 11, in certain circumstances, to place the name of a person who has not applied for registration on the voters' roll and to move a person's name from one voting district to another.

Clause 8 seeks to provide, *inter alia*, for the disqualification of voters who are of unsound mind.

Chapter 3

Part 1 of this Chapter seeks to provide that the President or a Premier must, when proclaiming an election, give at least 60 days' notice of the voting day. In certain circumstances the voting day can be postponed, either in general or in respect of a

word dan gestempel en aan die kieser oorhandig om 'n stem uit te bring in die stemkompartement terwyl die kieser se naam op die kieserslys afgemerkt word. Daar sal normaalweg slegs een dag vir die uitbring van stemme wees en die tel van stemme sal normaalweg by dieselfde stemlokaal plaasvind. Baie van die oënskynlike en werklike probleme en skuiwergate van die 1994-prosedure, sal uitgeskakel word en uitgawes sal ook aansienlik verminder kan word.

4.4 Gedragskode

Die Wetsontwerp beoog dat alle partye wat aan 'n verkiesing deelneem, hulself, hul beamptes, lede en ondersteuners tot 'n Kode sal verbind en bepaal dat die Verkiesingshof uitsluitlike regsbevoegdheid sal besit om klagtes daarkragtens te besleg. Anders as die 1993-wet, sal die Wetsontwerp nie 'n spesiale hiërargie van verkiesingstribunale hê nie. Finansiële oorwegings het grootliks daartoe aanleiding gegee, maar die Minister van Justisie en die voorsitter van die Verkiesingshof moet nietemin oor moontlike ondersteuning van die Hof geraadpleeg word.

DEEL 2

Die Wetsontwerp bestaan uit sewe hoofstukke en drie bylaes:

Hoofstuk 1

Hierdie Hoofstuk beoog, onder andere, om voorsiening te maak vir die toepassing van die voorgestelde Wet op verkiesings van die nasionale, provinsiale en munisipale wetgewers en belas die VK met die administrasie van die Wet.

Hoofstuk 2

'n Groot verskil tussen die 1994 nasionale en provinsiale verkiesings en dié wat in 1999 gehou gaan word, is dat die Grondwet nou die opstel en gebruik van 'n nasionale kieserslys verpligtend maak.

Die bestaande munisipale kieserslyste wat in die 1995/96 munisipale verkiesings gebruik is, is saamgevoeg en geëvalueer om vas te stel of dit as grondslag vir die nasionale kieserslys gebruik kan word. Daar is gevind dat die lyste, teens die onnoukeurigheidspersentasie daarvan oor die algemeen onbruikbaar is en dat die samevoeging daarvan tot wesentlike tegniese probleme aanleiding sou gee. Dit sou ook nie moontlik wees om die kiesers op daardie lyste in nuut afgebakende stemdistrikte te herrangskik nie. Gevolglik is 'n nuwe algemene registrasie van kiesers onvermydelik. Dit hou egter dié voordeel in dat kiesers by die aangewese stemlokale sal registreer waar hulle uiteindelik hulle stemme sal uitbring. Die registrasieproses sal dus eintlik as 'n proeflopie vir die verkiesing dien, wat kiesers, politieke partye en die VK waardevolle ondervinding sal kan bied.

Hoofstuk 2 beoog om voorsiening te maak vir die registrasie van kiesers en die deurlopende opdatering van die nuwe kieserslys wanneer 'n kieser van gewone verblyfplek verander.

'n Kieser sal geregistreer word in die stemdistrik waar daardie kieser gewoonlik woonagtig is. "Gewoonlik woonagtig" is nie omskryf nie. 'n Kieser wat in een distrik woon en vir lang aaneenlopende tydperke in 'n ander distrik werk en woon, sal waarskynlik 'n keuse van registrasie in enige van daardie distrikte hê. Die hoofverkiesingsbeampte word ingeвоelge klousule 11 gemagtig om in sekere omstandighede die naam van 'n persoon wat nie om registrasie aansoek gedoen het nie, op die kieserslys te plaas, en om 'n persoon se naam van een stemdistrik na 'n ander te verskuif.

Artikel 8 beoog onder andere, om voorsiening te maak vir die diskwalifisering van kiesers wat geestesongesteld is.

Hoofstuk 3

Deel 1 van hierdie Hoofstuk maak voorsiening dat die President of 'n Premier, wanneer hulle 'n verkiesing afkondig, ten minste 60 dae kennis van die stembag moet gee. Die stembag kan in sekere omstandighede, hetsy in die algemeen of met betrekking tot 'n spesifieke stemlokaal, uitgestel word. 'n Enkele stembag word

particular voting station. A single voting day is proposed because it is much cheaper and susceptible to less manipulation, perceived or real.

Clause 17 contains an innovation. Previously time periods, calculated back from voting day, were prescribed to determine cut-off dates for various actions to be taken, for example submission of lists of candidates or objections. In clause 17 it is now proposed that the Commission must determine and publish an election timetable in respect of each election, mentioning the exact cut-off dates. This is much simpler for electoral role-players.

Part 2 of Chapter 3 seeks to provide for the finalisation and certification of the voters' roll to be used for a particular election.

In Part 3 of Chapter 3 it is proposed that only registered parties may contest elections. The submission of lists of candidates and the finalisation of those lists are also regulated.

Part 4 of Chapter 3 deals with additional arrangements for municipal elections. National and provincial legislation on municipal structures and representation in municipal councils, are still to come, and when in place, it will probably be necessary to further regulate specifically for municipal elections.

Part 5 of Chapter 3 seeks to provide that the Commission may by regulation allow special votes to specific categories of persons. The rationale behind this proposal is that a wide variety of options ranging from no special votes to special votes for everyone who happens to be away from their ordinary residence, are available. Each option has a price tag and the variation between price tags may run into hundreds of millions of rands. The option used will therefore depend on what the country can afford, and can reasonably be required to spend on special voting at any particular time. The EC will make a decision on special voting only after consultation with the political parties and the fiscus.

Chapter 4

Chapter 4 deals with voting, the counting of votes and the announcement of the result of an election. Notable features of the proposals include the following:

1. The EC must prescribe the voting hours and may prescribe different voting hours for different voting stations. It may, on voting day, extend voting hours at a particular voting station until midnight and may temporarily close a voting station for part of a day. [Clause 34]
2. Voters must produce their identity documents and may only vote at the voting station of the voting district where they are registered. [Clause 36]
3. The voter must mark the ballot paper in a way that indicates the party or candidate that that voter wishes to vote for; a cross is not required. [Clause 36]
4. The EC may decide to use mobile voting stations to cater for isolated pockets of voters in rural areas and, possibly, for concentration of physically handicapped voters, e.g. in hospitals. [Clause 42]
5. Votes are counted at the voting station immediately after the close of voting unless the EC determines otherwise in respect of a particular voting station. [Clause 44] The result of the count is publicly announced at the voting station. [Clause 48] Those arrangements will eliminate many problems associated with the transport of ballot boxes over long distances at night and their storage in large assembly points for counting.
6. The EC will announce the final results of an election after having entertained material objections. An appeal against the EC's decision on an objection lies to the Electoral Court. [Clause 53]
7. The EC must declare the results of an election within seven days but may apply to the Electoral Court for a limited extension of that period. [Clause 55]

Chapter 5

As proposed in this Chapter every party may have two agents at each voting station and four where the votes are counted and where the EC is determining the final results of the election. The powers and duties of agents are described.

voorgestel omdat dit baie goedkoper is en ook minder vatbaar is vir oënskynlike of werklike manipulasie.

Klousule 17 bevat 'n nuwe reëling. Voorheen is tydperke, terug bereken vanaf stembdag, voorgeskryf om sperdatums vir die onderskeie prosesse wat uitgevoer moes word, te bepaal, byvoorbeeld die indiening van kandidaatlyste of die aantekening van besware. Daar word nou in klousule 17 voorgestel dat die Kommissie 'n verkiesings-tydrooster vir elke verkiesing opstel en publiseer waarin die presiese sperdatums verstrekk word. Hierdie prosedure is minder gekompliseerd vir betrokkenes.

Deel 2 van Hoofstuk 3 beoog voorsiening te maak vir die finalisering en sertifisering van die kieserslys wat vir 'n spesifieke verkiesing gebruik gaan word.

Daar word in Deel 3 van Hoofstuk 3 voorgestel dat slegs geregistreeerde partye aan verkiesings mag deelneem. Die indiening van kandidaatlyste en die finalisering van daardie lyste word ook gereuleer.

Deel 4 van Hoofstuk 3 handel oor bykomstige reëlings vir munisipale verkiesings. Nasionale wergewing oor munisipale strukture en verteenwoordiging in munisipale rade is nog in die proses van opstel, en sodra dit in werking is, sal dit waarskynlik nodig wees om spesifiek vir munisipale verkiesings te reguleer.

Deel 5 van Hoofstuk 3 maak voorsiening dat die Kommissie by regulasie die uitbring van spesiale stemme deur spesifieke kategorieë persone kan magtig. Die rede vir hierdie voorstel is die verskeidenheid opsies wat beskikbaar is, wat strek vanaf geen spesiale stemme tot spesiale stemme vir enigeen wat op stembdag nie by hulle gewone verblyfplek is nie. Daar is 'n onkoste aan elke opsie verbonde en die verskil in onkoste tussen die verskillende opsies kan honderde miljoene rand beloop. Om hierdie rede sal die opsie wat gebruik word, afhang van wat die land kan bekostig en die bedrag wat redelikerwys aan 'n stelsel van spesiale stemme spandeer kan word. Die VK sal 'n besluit oor spesiale stemme neem slegs na raadpleging van die politieke partye en die fiskus.

Hoofstuk 4

Hoofstuk 4 handel oor stemming, die tel van stemme en die aankondiging van die uitslag van 'n verkiesing. Die belangrikste aspekte van die voorstelle sluit die volgende in:

1. Die VK moet die stemure voorskryf en kan verskillende stemure vir verskillende stemlokale voorskryf. Die VK kan die stemure by 'n spesifieke stemlokaal op stembdag tot middernag verleng en kan 'n stemlokaal vir 'n deel van 'n dag tydelik sluit. [Klousule 34]
2. Kiesers moet hulle identiteitsdokumente vertoon en kan slegs stem by die stemlokaal van die stembdistrik waar hulle geregistreeer is. [Klousule 36]
3. 'n Kieser moet 'n stembrief merk op 'n wyse wat die party of kandidaat aandui vir wie gestem word; 'n kruis word nie veris nie. [Klousule 36]
4. Die VK kan besluit om mobiele stemlokale te gebruik ten einde vir afgesonderde groepe kiesers in plattelandse gebiede, asook moontlik om vir liggaamlik gestremde kiesers, byvoorbeeld in hospitale, voorsiening te maak. [Klousule 42]
5. Stemme word onmiddellik na die sluiting van stemming by die stemlokaal getel, tensy die VK met betrekking tot 'n spesifieke stemlokaal anders bepaal. [Klousule 44] Die uitslag van die stemming word in die openbaar by die stemlokaal aangekondig. [Klousule 48] Daardie bepalings sal baie probleme, verbonde aan die vervoer van stembusse oor lang afstande in die nag en die byeenbring daarvan by massa-telpunte, uitkakel.
6. Die VK sal die finale uitslae van 'n verkiesing aankondig nadat enige wesentlike besware deur die Kommissie oorweeg is. Daar kan teen die VK se beslissing van 'n beswaar, na die Verkiesingshof geappelleer word. [Klousule 53]
7. Die VK moet die uitslag van 'n verkiesing binne sewe dae aankondig maar kan by die Verkiesingshof om 'n beperkte verlenging van daardie tydperk aansoek doen. [Klousule 55]

Hoofstuk 5

Soos voorgestel, bepaal hierdie Hoofstuk dat 'n party twee agente by elke stemlokaal kan hê en vier waar die stemme getel word en waar die VK die finale uitslag van die verkiesing bepaal. Die bevoegdhede en pligte van agente word omskryf.

Chapter 6

In Part 1 of this Chapter the EC is to be charged with dividing the country into voting districts and the factors it must take into account in doing so are laid down. Each voting district should have between about one thousand (rural) and three thousand (urban) voters.

According to Part 2 of Chapter 6 there must be one voting station for each voting district. In emergencies voting stations can be relocated and mobile voting stations may be used where necessary.

Part 3 of Chapter 6 seeks to require the EC to determine the design of the ballot paper to be used in an election and the language to be used thereon. The EC must also determine the design and material of ballot boxes and voting compartments. Cheaper and lighter material for ballot boxes and voting compartments are under consideration as well as collapsible models that are easy to convey and store.

Part 4 of Chapter 6 deals with the appointment, powers and duties of electoral officers like presiding officers and voting officers. The appointment of institutions for the performance of certain functions, the exercise of certain powers and carrying out of duties on behalf of the EC are also proposed.

Part 5 of Chapter 6 seeks to regulate the accreditation of observers and persons providing voter education. It may become possible to obtain outside funding for the performance of some of those functions.

Chapter 7

Part 1 of this Chapter describes conduct which is generally prohibited. Most of those prohibited acts amount to election fraud. Part 2 seeks to deal with civil enforcement of provisions of the Act and of the Electoral Code of Conduct, giving the Electoral Court exclusive jurisdiction over contraventions of the Code and prescribing the penalties it may impose. Those range from a mere warning to disqualification of a political party.

Part 3 of Chapter 7 deals with penalties for offences in terms of Part 1, i.e. general electoral crimes.

In Part 4 of Chapter 7 the EC is given additional powers relating to the Electoral Code of Conduct, the preparation of other Codes, the making of regulations, the delegation of powers and assignment of duties, the determination of objections and appeals and the return or forfeiting of deposits.

Part 5 of Chapter 7 contains general provisions touching on, amongst others, printed matter during election time, the limitation of political activities on voting days, the publication of exit polls, the prohibition of strikes and lockouts on voting days and limitation of liability on the part of the EC and its officials for their acts or omissions in good faith.

Clause 116(3) seeks to provide that clause 3(c) (which makes the Bill applicable to municipal elections) must take effect from a later date than the remainder of the Bill. It is still unclear until when municipal elections will be governed by the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993).

Schedule 1

This Schedule prescribes the form of the election timetable provided for in clause 17.

Schedule 2

Schedule 2 contains the Electoral Code of Conduct binding parties and candidates participating in an election. The Code is essentially the same as the one used in the 1994 election.

Schedule 3

Schedule 3 contains the laws to be repealed by the Bill.

Hoofstuk 6

Ingevolge Deel 1 van hierdie Hoofstuk moet die VK die land in stembedistrikte indeel ooreenkomstig faktore wat die VK in verband met die verkiesing in aanmerking moet neem. Elke stembedistrikt sal tussen eenduisend (*plattelandse*) en drieduisend (*stedelike*) kiesers hê.

Ingevolge Deel 2 van Hoofstuk 6 moet daar een stemlokaal vir elke stembedistrikt wees. In noodgevalle kan stemlokale verskuif word en mobiele stemlokale kan, waar nodig, gebruik word.

Deel 3 van Hoofstuk 6 beoog dat die VK die ontwerp moet bepaal van die stembedrief wat in 'n verkiesing gebruik moet word, asook die taal wat daarop gebruik moet word. Die VK moet ook die ontwerp en materiaal van stembedbusse en stembedkompartemente bepaal. Goedkoper en ligter materiaal vir stembedbusse en stembedkompartemente asook opvoubare modelle wat maklik vervoer en geberg kan word, word oorweeg.

Deel 4 van Hoofstuk 6 handel oor die aanstelling, bevoegdhede en pligte van verkiesingsbeamptes soos voorsittende beamptes en stembeamptes. Daar word ook voorgestel dat instellings aangestel word om namens die VK sekere werksaamhede te verrig, sekere bevoegdhede uit te oefen en pligte uit te voer.

Deel 5 van Hoofstuk 6 reguleer die akkreditering van waarnemers en persone wat kiesersopleiding verskaf. Buitelandse befondsing kan moontlik vir die verrigting van sommige van hierdie werksaamhede bekom word.

Hoofstuk 7

Deel 1 van hierdie Hoofstuk beskryf optrede wat algemeen verbied word. Die meerderheid van daardie verbode handeling behels verkiesingsbedrog. Deel 2 handel met siviele afdwinging van bepalings van die Wet en die Verkiesingsgedragskode, en beklee die Verkiesingshof met uitsluitlike regsbevoegdheid in verband met oortredings van die Kode en skryf strawwe voor wat die Hof mag ople. Die strawwe wissel van 'n blote waarskuwing tot die diskwalifisering van 'n politieke party.

Deel 3 van Hoofstuk 7 handel oor strawwe vir oortredings ingevolge Deel 1, d.i. algemene verkiesingsmisdrywe.

In Deel 4 van Hoofstuk 7 word daar aan die VK bykomende bevoegdhede gegee met betrekking tot die Verkiesingsgedragskode, die opstel van ander Kodes, die uitvaardiging van regulasies, die opdra van bevoegdhede en pligte, die beslissing van besware en appelle en die teruggawe of verbeuring van deposito's.

Deel 5 van Hoofstuk 7 bevat algemene bepalings in verband met, onder andere, gedrukte materiaal gedurende verkiesingstyd, die beperking van politieke bedrywighede op stemdae, die publikasie van meningspeilings, die verbod op srakings en uitsluitings op stemdae en die beperking van aanspreeklikheid van die VK en sy beamptes vir dade en versuime wat te goeder trou begaan is.

Klousule 116(3) beoog te bepaal dat klousule 3(c) (wat die Wetsontwerp op munisipale verkiesings van toepassing maak) op 'n later datum as die res van die Wetsontwerp in werking moet tree. Dit is nog onduidelik tot wanneer die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), munisipale verkiesings sal beheer.

Bylae 1

Hierdie Bylae beskryf die vorm van die verkiesingstydrooster waarvoor artikel 17 voorsiening maak.

Bylae 2

Bylae 2 bevat die Verkiesingsgedragskode wat partye en kandidate wat aan 'n verkiesing deelneem, bind. Die Kode is wesentlik dieselfde as die een wat in die 1994-verkiesing gebruik is.

Bylae 3

Bylae 3 bevat die wette wat deur die Wetsontwerp herroep word.

PARLIAMENTARY PROCEDURE

The State Law Advisers and the Department of Home Affairs are of the opinion that this Bill must be dealt with in accordance with section 75 of the Constitution since it contains no provision to which the procedure set out in section 74 or 76 of the Constitution applies.

PARLEMENTÊRE PROSEDURE

Die Staatsregsadviseurs en die Departement van Binnelandse Sake is van mening dat hierdie Wetsontwerp ooreenkomstig artikel 75 van die Grondwet behandel moet word aangesien dit geen bepaling bevat waarop die prosedure vervat in artikel 74 of 76 van die Grondwet van toepassing is nie.

